1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 7 – 23 FEBRUARIE 2015

Geagte ouers

PERSONEEL:
Baie geluk aan Me. Hettie Smith wat Maandag, 23 Februarie verjaar het en Me. Summeri Venter wat Vrydag, 27 Februarie verjaar. Mev. Anita Duursema is vir die volgende vier weke op spesiale verlof. Twee van ons ervare klasassistente sal haar klasse waarneem tot sy terug is.

DATUMS VIR KWARTAAL 1 VAN 2015

25 Februarie	**Foto's: klasgroepe en Individuele foto's**
26 Februarie	**TOETS: NW/TEG GR. 4 – 6 EN NW GR. 7**
2 Maart	**Tennisliga**
3 Maart	**TOETS: AARDRYKSKUNDE**
4 Maart	**Rugby Bulletjies Midstream 18:00**
5 Maart	**TOETS: GESKIEDENIS** **Wêreld leesdag** **Rugby + Netbal: Brits (weg)**
7 Maart	**O/13A by Midstream College (weg)**
10 Maart	**Rugby + Netbal: JOHAN DUURSEMA AANDREEKS**
11 Maart	**Rugby + Netbal: JOHAN DUURSEMA AANDREEKS** **BEHEERLIGGAAMVERKIESING 18:30 IN SAAL**
12 Maart	**TOETS: EBW GRAAD 7** **Rugby: JOHAN DUURSEMA AANDREEKS**
16 Maart	**Tennisliga**
19 Maart	**TOETS: TEGNOLOGIE GRAAD 7**
20 Maart	**Rapporte: Grondslagfase en Graad R** **Rugby: O/13 toernooi teen Bergsig**
23 Maart	**Oueraand GF 17:30** **Tennisliga**
25 Maart	**SKOOL SLUIT 11:00** **MARKDAG GR 5** **Leerlinge betaal R5 vir gewone klere ten bate van die Behoeftige fonds.** **Rugbytoer na Sundown Ranch (O/13)**

FOTO'S - INDIVIDUELE EN KLASGROEPE:
Individuele- en klasgroepe foto's word op **Woensdag, 25 Februarie 2015** geneem deur Johan Spies fotograwe.

BELONING – VRYDAE 13:00:
Op Vrydag, 27 Februarie 2015 verdaag die Gr 1-7 leerlinge om 13:00, omdat die terrein netjies was. Die Graad 1's help die week met die opruiming.

KOPLUISE:
Ons versoek dat elke ouer sy/haar kind se kop sal ondersoek vir kopluise. Ons kan nie die probleem aanspreek as almal nie hul samewerking gee nie. Tree asseblief vinnig op indien u kind kopluise het, want dit is 'n groot verleentheid vir u kind en soos u weet is alle kinders nie ewe taktvol in die opmerkings wat hulle daaroor maak nie. U gaan gekontak word om u kind te kom haal indien sy/hy kopluise het.

INTERNE REDENAARSAAND:
Die volgende leerders word geluk gewens met hulle prestasie tydens die Interne Redenaarsaand:

GRAAD 1	Wenner	Joshua de Bruto
	Tweede	Rohan Louw
	Derde	Elmarie Fourie
GRAAD 2	Wenner	Tristan Tintinger
	Tweede	Wian van der Merwe
	Derde	Emily-Anne Pienaar
GRAAD 3	Wenner	André Haarhoff
	Tweede	Feané Reis
	Derde	Romart Henning
GRAAD 4	Wenner	Owen Kühn
	Tweede	Handré Pretorius
	Derde	Taryn Hayes
GRAAD 5	Wenner	Maruché Smith
	Tweede	Monika Vos / Xander Bronkhorst
	Derde	Timoné Manders
GRAAD 6	Wenner	Jana van der Merwe
	Tweede	Anri Louw
	Derde	Ruben Botha
GRAAD 7	Wenner	Rochelle Barwise
	Tweede	Hanno Pretorius
	Derde	John-Louis Farrell

ALGEHELE WENNER: (Trofee)
Graad 1 – 3: Tristan Tintinger
Graad 4 – 5: Owen Kûhn
Graad 6 – 7: Rochelle Barwise

ATLETIEK DISTRIKSBYEENKOMS:
Die volgende atlete het puik presteer by die Distriksbyeenkoms: Yedidya Bangue Bangue Elombo eerste in 60m, Zain Vorster eerste in gewigstoot, Loriaan Brand tweede in verspring, tweede in gewigstoot en eerste in 70m hekkies, Lourens du Plessis tweede in hoogspring, Deacon du Preez eerste in gewigstoot, Johannes Mmusi eerste in 70m hekkies, Cinteche du Plessis tweede in spiesgooi, Jorim Bangue Bangue Elombo eerste in gewigstoot en eerste in 75m hekkies, Hadley Els tweede in gewigstoot en eerste in diskus, Shaun-Dee Gair eerste in hoogspring en tweede in spiesgooi, Duncan Steenkamp tweede in diskus, Rozelle Hattingh eerste in 100m, 200 m hekkies en 200m, Carla Smith eerste in 800m en 1500m, Amberlee Sutherland eerste in spiesgooi, Dylan MacMaster tweede in 150m en Marcel Schutte tweede in diskus.
Sestien atlete is deur in 23 items. Baie geluk aan dié atlete, ons is baie trots op julle. Sterkte vir die Gauteng Kampioenskappe.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING – 11 MAART 2015
Ons bring onder U aandag dat ons Beheerliggaamverkiesing op 11 MAART 2015 om 18:00 gaan plaasvind. U teenwoordigheid is van kardinale belang. Die Wet vereis dat daar 'n kworum teenwoordig moet wees (15%, ongeveer 173 ouers) en indien ons dit nie behaal nie, word ons verplig om die proses te herhaal. Wees asseblief teenwoordig en kom stem!

Wie mag stem?
'n Ouer, voog of persoon wat die rol van 'n ouer vervul van 'n kind wat by Laerskool Danie Malan ingeskryf is, en op die skool se inskrywingsregister verskyn.

Wat moet ek saambring as ek wil stem?
'n Bestuurslisensie of ID.

Hoeveel lede van 'n gesin mag stem?
Slegs twee persone per gesin wie se name op die kiesersrol verskyn, sal elk 'n stembrief ontvang om te kan stem.

Mag 'n ouer met 'n volmagvorm namens 'n ander stem?
'n Ouer wat weens persoonlike redes nie kan stem nie, kan sy/haar stemreg oordra aan 'n ander ouer van die skool. Beide die persoon wat die volmag verleen en die persoon wat die volmagstem sal uitbring, se name moet op die kiesersrol verskyn. Die ouer wat volmag wil verleen vra skriftelik 'n volmagvorm aan by die skool. Slegs volmagvorms met 'n amptelike skoolstempel sal tydens die verkiesing vir 'n stembrief geruil kan word.

.....

AFSKEURSTROKIE VAN OMSENDBRIEF 7/2015

Ek, _____ouer of voog van _____ in Gr. _____/_____ neem kennis van Omsendskrywe 7 van 2015.

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 7 – 23 FEBRUARIE 2015

Hoeveel volmagte mag 'n ouer voor stem?
'n Ouer mag slegs vir twee volmagte stem, m.a.w. sy eie stem en die twee volmagstemme ('n Maksimum van drie stembriewe per persoon, wie se naam op die kiesersrol verskyn).
Volmagvorms is beskikbaar vanaf 2 Maart by die kantoor.

Wie mag genomineer word?
Enige ouer/voog van 'n leerling van die skool wie se naam op die kiesersrol verskyn. Verder mag 'n ouer wat in diens is van die skool as onderwyser of nie-onderwyser ook genomineer word.
Wie mag nie genomineer word vir of stem tydens die Beheerliggaamverkiesing nie?
'n Ouer van die skool wat nie langer as drie jaar gelede tot op datum 'n vonnis van 12 maande of langer opgelê is vir 'n kriminele oortreding sonder die opsie van 'n boete.'n Persoon wat geestesongesteld is, wat dwelmafhanklik is, wie se skoolgeld uitstaande is of wat 'n ongerehabiliteerde insolvente persoon is.

Wat is die dienstydperk van Beheerliggaamlede?
Drie jaar, m.a.w. die verkose persone moet verkieslik vir die drie jaar steeds 'n ouer van die skool wees.

Uit hoeveel lede bestaan die skool se Beheerliggaam (SBL)?
Die Beheerliggaam sal bestaan uit:
6 ouerlede (ouers stem vir hulle);
3 opvoederlede (onderwyser stem vir hulle);
1 nie-doserende lid van die skool (nie-doserende lede van die skool stem vir hom/haar);
Skoolhoof (ex officio)

Wat is die pligte van Beheerliggaamlede?
Beheer ("govern") van die skool deur beleid te formuleer, die finansies te bestuur en die verskillende belange groepe te verteenwoordig. Vergaderings van die Beheerliggaam moet bygewoon word een keer per maand. Die skoolhoof bestuur die skool van dag tot dag.

Nominasietydperk?
Vanaf 4 Maart – 10 Maart 2015.
Verdere nominasies kan ook tydens die nominasievergadering (11 Maart) gedoen word.

Waar kry ek nominasiebriewe?
Nominasievorms kan by die ontvangstoonbank afgehaal word vanaf 2 Maart – 11 Maart 2015 gedurende skoolure.

Waar moet ek die nominasievorms ingee?
Voltooide nominasievorms moet voor 10 Maart 2015 om 14:00 in die nominasiebus geplaas word, by die ontvangstoonbank van die Administratiewe kantoor van die skool.

Waarom kan 'n nominasievorm verwerp word deur die verkiesingsbeampte?
Die nominasievorm is nie deur die voorsteller, sekondant of kandidaat onderteken nie. Die voorsteller, sekondant of kandidaat se naam verskyn nie op die skool se kiesersrol van stemgeregtigde ouers nie. Die nominasievorm is nie binne die gespesifiseerde tyd ingehandig nie.

Watter inligting mag 'n kandidaat tydens die Beheerliggaamverkiesing aan die ouers in die saal meedeel?
Die kandidaat sal die volgende aan die gehoor mag noem: Sy/haar naam en van, beroep, die graad/e waarin sy/haar kinders is, vaardighede waaroor die persoon beskik, waarde wat die persoon tot die skool kan toevoeg en sy/haar visie vir die skool. (Praattyd beperk tot drie minute)

Program vir 11 Maart 2015
Nominasievergadering. 18:00 – 18:30
Opening met Skriflesing en gebed
Verwelkoming deur die Hoof
Voorstellings van die verkiesingsbeamptes
Bekendmaking van nominasies ontvang
Uitnodiging vir verdere nominasies
Bekendmaking van sluiting van verdere nominasies
Kontrole van nuwe nominasies
Verdaag nominasievergadering
Verkiesing 11 Maart 2015 direk na nominasievergadering ongeveer 18:30
Voorstelling van die alle genomineerdes in alfabetiese volgorde
Kontrole van volmagstemme vir stembewys
Verduideliking van stemprosedure
Ouers gaan na stembus en stem
Sluiting van stembus
Stemtelling
Aankondiging van verkose lede
Verdaging van SBL – verkiesing

U verantwoordelikheid as ouer:
Neem kennis van die verloop van die proses.
Identifiseer en nomineer geskikte kandidate.
NB ! WOON DIE NOMINASIE ENVERKIESINGSVERGADERING BY.
Stem vir die mees geskikte kandidate om die belange van die skool en ouers te dra.

WêRELDLEESDAG 5 MAART 2015:
Donderdag 5 Maart vier ons leesdag in ons skool. Met ons leesdag poog ons om al ons leerders van alle ouderdomme aan te moedig om tyd te maak om van hul gunsteling boeke te lees. Ons loots ook 'n "Koop 'n boek" projek waar ons ouers aanmoedig om 'n boek te koop en dit dan aan die skool te skenk, of om 'n gebruikte een wat steeds in 'n goeie toestand is vir ons te stuur. Stuur asb die boeke wat u skenk voor of op 5 Maart 2015.

ONBEKENDE DEPOSITO'S:
Die verwysings van die volgende elektroniese betalings wat ons ontvang het, is onbekend. Indien u enige van hierdie betalings gemaak het kontak asb. vir Annelize by die finansiële kantoor om die nodige regstelling aan te bring.

Datum	Verwysing	Bedrag
2015/01/01	Skoolfonds & ADM	R850,00
2015/01/08	2872	R770,00
2015/01/08	Botha A	R700,00
2015/01/13	3604	R740,00
2015/01/13	R0z Miane	R2 010,00
2015/01/14	Mia Loots GR R	R2 000,00
2015/01/15	Skoolfonds	R2 000,00

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 7 – 23 FEBRUARIE 2015

GEDENKMUUR:
Die leerlinge in Graad 7, kan R140 kan betaal om hul naam op die **Gedenkmuur** aan te bring. Leerlinge wat op rade dien, se betrokke raad sal ook daarop aangedui word. Die Graad 7's van 2015 se gedenksteen, met hul name op gegraveer sal met die Graad 7 afskeids-erediens onthul word. Dankie vir u samewerking en ondersteuning. Sluitingsdatum is einde Augustus 2015.

EISTEDDFOD:
Leerders wat belangstel om in te skryf vir die Eisteddfod-Poësie (eie keuse) en ander items kan by Me. Matthee in klaskamer 401 kom inskryf. U moet dit asb voor / of op 27 Februarie 2015 doen. Die koste beloop R70 per item. Die skool betaal slegs vir Pretoria Afrikaanse kunsvereniging en Noordekruin Kunstefees.

NETBAL O/13:
Belangrike datums:
- Netbaloefening: 27 Februarie vanaf 15:00 – 17:00.
- 7 Maart : L/s Boerefort
- 13 – 15 Maart: Camp Emeritus
- 11 April 08:00 – 11:30 Netbaloefening.

SKAAK:
Skaaklesse vind op Donderdae middae plaas en word deur 'n buite-afrigter aangebied, me. Lelanie van der Westhuizen tel. 084 403 4319.

MIDDELAFSTANDE AFRIGTING:
Daar is gratis middelafstand oefening by Hoërskool Akasia van 16:45 – 17:30 van Maandae tot Donderdae.

MY SCHOOL EN MAKRO:
Ons herinner u daaraan om u "My school" kaart te gebruik. Elke keer wat u aankope met die kaart doen, ontvang die skool 'n gedeelte van u aankope. Maak ook seker dat u Makro kaart gekoppel is aan Danie Malan. Ons verdien baie geld, net omdat u as Danie Malan ouer by Makro aankope doen. Ons het van Junie – Desember 2014 R30 000 verdien. Baie dankie aan elke ouer wat die projek ondersteun het! **U MOET ELKE JAAR WEER U MAKRO KAART KOPPEL.**

CANVAS SAKKIES VIR LEERDERS SE SKRIFTE EN CANVAS SAKKIES VIR HANDBOEKE:
Die leerders het handboeke aan die begin van die jaar ontvang. Ons wil graag hierdie handboeke vir nog 5 jaar gebruik. Om u kind se skrifte en handboeke te beskerm, bestel by ons Canvas zip sakkies beskikbaar @ R160 vir 6. Of u kan een sakkie bestel vir R30,00.Die fondse wat ingesamel word gaan vir die skool. Ons wil asb. alle ouers aanmoedig om die handboeke in die sakkies in u kind se tas te los, aangesien u vir die handboeke gaan betaal indien dit beskadig is. Indien u belangstel kan u by Mev. Erica van Wyk by die skool bestel en betaal of kontak haar by 084 608 7099.

TENNIS:
Die O/11A meisies span wen teen Monumentpark 48/7. Baie geluk aan die span.

MERIETE:
Trofees ontvang in 2014 moet so gou moontlik gegraveer teruggestuur word skool toe.

RUGBY OEFENTYE:
Rugby oefening begin. Seuns het reeds laas week briewe ontvang. Indien u seun nie n brief gekry het nie kan hy gerus een by Mnr. Piek kry. Die Boksmart vrywaringsvorm en Assupol registrasies moet voor of op Vrydag by afrigters in gegee word. Seuns sal nie kan speel sonder die vorms nie. Assupol het verskeie bekostigbare mediese dienste indien u seun beseer word op die rugbyveld, ons wil u graag aanmoedig om gebruik te maak van dit. Enige verdere navrae oor die rugby kontak gerus die betrokke afrigters of Mnr Piek by die skool.

1) Die oefentye en afrigters vir 2015 is soos volg:

SPAN	OEFENTYE	VELD	AFRIGTERS
O/9 A en B	Maandae 14:15 - 15:30 Dinsdae 14:15 - 15:30 Woensdae 14:15 - 15:30	B-Veld	Mnr. Ruan Pretorius Mnr. Johan Kotze
O/10 A en B	Maandae 14:15 - 15:30 Dinsdae 14:15 - 15:30	A-Veld	Mnr. Jean Visser Mnr. Roelf Visser
O/11	Maandae 15:30 - 16:45 Dinsdae 15:30 - 16:45	B-Veld	Mnr. J.A Myburgh Mnr. Jomon Swart
O/13 A en B	Maandae 15:30 - 16:45 Dinsdae 15:30 - 16:45	A-Veld	Mnr. Raymond Piek Mnr. Pieter van Zyl Mnr. Conraad Claassen

Wanneer daar nie wedstryde op Donderdae gespeel word nie, oefen die seuns soos bo. Maandae en Woensdae is kultuur en tennismiddae, dan word die seuns wat daarby betrokke is verskoon by die rugbyoefeninge. Daar sal ook geen O/10 tot O/13 oefeninge wees op Woensdae nie, as gevolg van die toetse wat op Donderdae geskryf word.

Johan Duursema Aandreeks:
Ons is baie opgewonde oor die Johan Duursema Aandreeks wat 10-12 Maart by Laerskool Danie Malan plaas vind. 3 dae/aande se rugby en netbalwedstryde met skole al om Pretoria. Ons is egter nog dringend opsoek na borge vir hierdie spesiale geleentheid. Enige iemand/besigheid wat belangstel om te help kontak gerus Mnr. Piek by die skool.

Groete

Mev. Hettie Smith
Skoolhoof

Wollies Dierebeskeming

Ons wil graag weer Wollies help met kos vir baie honger diertjies. Indien daar ouers is wat 'n blikkie/sakkie, kat/hondekos vir Wollies wil skenk, kan u dit na die skool se kantoor toe stuur. Ons sal dit aan Wollies oorhandig. U goedhartigheid sal baie waardeer word.

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 7 – 23 FEBRUARIE 2015